## VERJAARDAE HIERDIE WEEK



Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

| | |
|---|---|
| 31 Jan | **Lenie Bouwsema.** W Sisulustraat 342B, ☏ 083 511 8643. Wyk B2 |
| 1 Febr | **Driekie de Wet,** Meulstraat 20, ☏ 082 377 2461. Wyk A7 |
| 4 Febr | **Gerrit Badenhorst,** Molenstraat 29, ☏ 082 850 7491. Wyk A2 |
| | **Pieter Hugo,** Limerick li,nr 4, ☏ 083 341 4488. Wyk B1 |
| 5 Febr | **Marilena Theron,** P Mokabastraat 39, ☏ 082 789 3420. Wyk B1 |
| | **Jan v d Schyff,** Huis Anna Viljoen, ☏ 083 417 4085. Wyk B1 |
| 6 Febr | **Jan Chambers,** Vasco Villa 8, ☏ 082 722 5828. Wyk A7 |

## VAN ONS DIAKONIE

**KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag:** Onder die erediens vir **Barmhartigheid in die blou sakkies**.
**Vanoggend** by die deure vir die **Teologiese Studentekas in rooi sakkies.**
Vanaand: **Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.**
**Die spesiale kollektes in Januarie/Februarie 2021 gaan vir:**

| | | |
|---|---|---|
| Sondag | 31 Januarie | Teologiese Studentekas |
| Sondag | 7 Februarie | Emeritaatsversorging |
| Sondag | 14 Februarie | Dankbaarheidsfonds |
| Sondag | 21 Februarie | Uitdra van die Evangelie |
| Sondag | 28 Februarie | Expando |

### Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

| | |
|---|---|
| Diakonie: | **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA) |
| Kerkraad: | **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA) |
| Susters: | **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** |
| | Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723 |



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 3 Sondag 31 Januarie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste:** 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:** Ouderlinge van wyke **C5** en **D1**:
**Wyk C5 André Vorster en wyk D1 is Marten Boersema.**
Diakens: Wyk **C5 Jan Riekert en Wyk D1 is Johann de Waal**

## EREDIENSTE **Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk.**

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

Lidmate kan die preek op ons whatsapp-groep **GK Potchefstroom preke** en ook op internet www.gkpotchefstroom.co.za volg.

**OGGEND: Woordbediening:** 1 Samuel 1:1-23 (1 Samuel, nr. 2).
**Fokusverse:** 1 Samuel 1: 7, 9, 15, 17.
**TEMA:** ***Die HERE van die leërskare gebruik die skerp pyle van goddeloses om die heiliges tot gebed te beweeg in die geloofs-vertroue dat Hy sal gee wat van Hom gesmeek word.***
**Sing:** Psalm 34:1, 2; Psalm 86:2, 3, 6; Psalm 130:3, 4;
Skrifberyming 75 (15-1):4.

**AAND:Woordbediening:** Johannes 3:1-21; Romeine 10:5-21.
**Fokusverse:** Johannes 3:8, 21; Romeine 10:17.
**TEMA:** ***Die oorsprong en versterking van ons geloof.***
**Sing:** Psalm 105:1, 2; Psalm 23: 3; Psalm 111: 3, 4, 5.

**Indien daar enige siekte- of ander gevalle is waarvan u bewus is in u wyk, en wat Sondae afgekondig moet word, sal u dit asb deurgee na** *ds Jannes van Dyk* **072 224 7181 of aan** *Malie Wyma* **072 373 7361 of** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 31 Januarie** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Lidmate kan daarna luister op PretoriaFM104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887.

## LIEF EN LEED



**Fanie Steyn** 083 652 2009 van Huis Eikelaan is steeds ernstig siek in Mediclinic. Ons bid hom en Annemarie en hulle dierbares al die krag en genade van ons hemelse Vader toe.



**Sonja Venter** 072 776 3700 en **Magda Viljoen** 079 408 2835 ontvang albei steeds bestraling, van Maandag tot Vrydag vir ses weke. Ons bid hulle die ryke genade van die Here toe. Mag Hy in sy almag volkome genesing gee.





**Tinus Venter** 072 132 8356 het Donderdag 'n ortopediese chirurg in Pretoria gesien en sal waarskynlik 'n groot rugoperasie moet ondergaan.



**Frans Drijfhout** 082 577 1927 se operasie moes uitgestel word omdat hy positief getoets het vir Covid 19. Sy vrou **Pietro** 082 894 7848 het ook positief getoets en hulle is tans in isolasie.



**Ds Leo van Schaik** 082 652 5520 is gediagnoseer met gordelroos en sterk aan in die Versorgingseenheid van Huis Eikelaan. Ons bede is dat hy weer beterskap uit die hand van die Here sal ontvang.

### 1. Dagboek

| Dag | Datum & tyd | | | Plek |
|---|---|---|---|---|
| Ma | 1/02 | Oggend | Preekvoorbereiding | Pastorie |
| | | Middag | Huisbesoek | Volgens afspraak |
| | | Aand | Huisbesoek | Volgens afspraak |
| Di | 2/02 | Oggend | Preekvoorbereiding | Pastorie |
| | | Middag | Huisbesoek | Volgens afspraak |
| Wo | 3/02 | Oggend | Preekvoorbereiding | Pastorie |
| | | 14:30 | Katkisasie (Belydenisklas 2021) | Ou Kerkie |
| | | 15:00 | (Belydenisklas 2020) – So. 23 | Ou Kerkie |
| | | Aand | Huisbesoek | Volgens afspraak |
| Do | 4/02 | Oggend | Preekvoorbereiding | Pastorie |
| | | Middag | Huisbesoek | Volgens afspraak |
| | | Aand | Huisbesoek | Volgens afspraak |
| Vr | 5/02 | | Administrasie & Deputatewerk | |



### 2. Afkondigings

2.1. Katkisante wat DV in 2021 openbare belydenis van hulle geloof wil doen, ontmoet ds. Jannes Woensdagmiddag (3 Februarie) om 14:30 by die Ou Kerkie sodat die nodige reëlings getref kan word om die kerkgeskiedenis af te handel en om met die Heidelbergse Kategismus te kan begin. Indien dit nie vir jou moontlik is om die ontmoeting by te woon nie, laat weet ds. Jannes asb. onverwyld (072 224 7181) – jy is welkom om net ’n WhatsApp-boodskap ook te stuur; ek sal jou kontak.

2.2. Die 2020-belydenisklas ontmoet mekaar Woensdagmiddag om 15:00-16:00 by die ou kerkie. Sondag 23 moet vir die ontmoeting voorberei word.

2.3. Indien daar belangstelling in en behoefte aan Bybelstudie-geleenthede is, kontak asb. vir ds. Jannes sodat die nodige reëlings getref kan word. Die grootte van ’n Bybelstudiegroep moet die beperking op tyd beskikbaar vir huisbesoek regverdig.

**BYBELSTUDIE.** Die Bybelstudie by Huis Eikelaan begin D V weer eerskomende Dinsdag om 15:00 in die groot saal.

### 3. Vanuit die pastorie

Broers en susters

Ons is met die ingang van 2021 baie onkant gevang! Baie seker dat alles volgens plan sou verloop, het ons op 17 Desember in Potchefstroom aangeland. Preke tot en met 17 Januarie wat nog in Ventersdorp gelewer moes word, was netjies eenkant weggepak dat dit maklik tussen al die ander bokse gevind kon word (die soektog na die dominee se kerkskoene vir Sondag 20 Januarie was ’n ander petalje!).

Om te trek, is ’n moeg van ’n ander aard. Tog was die vriendelikheid waarmee ons in Potchefsroom verwelkom is, ’n riem onder die hart en ’n verkwikking. Die etes wat voorsien is, was smaaklik en dit het regtig báie gehelp. Ons is dankbaar vir lidmate se kennismakings-besoeke hier by die pastorie en al die bederf wat ons al ontvang het.

Ons is die Here innig dankbaar dat Hy u gebruik het om die verhuising, aanpassing en inskakeling – hoe vreemd die tye ook al mag wees – vir ons so gemaklik moontlik te maak. Ons is dankbaar vir elkeen wat hulp aanbied. Ons is dankbaar vir u voorbidding en meelewing – in die kort oorweging van die beroep en met Suhanli se ondersoek verlede week.

Ons sien daarna uit om met u hartlik saam te werk tot eer van die Here en die welsyn van sy kerk! En onthou: ons deur staan altyd vir u oop – u is altyd by die pastorie welkom!

**Jannes, Yolandé, Hanró en Suhanli.**